Oordenking.
28 Februarie 2018.

Die Lydenstyd, deur Ds. Wayne van Heerden.

"So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense." (Matteus 20:28)

In die laaste paar dae voor die kruisiging, die dood en opstanding van Jesus Christus ons Here en Verlosser, was die dissipels besig om vir magsposisies te veg. Inderdaad elkeen van hulle wou die belangrikste leier wees na die dood van Jesus. (Hulle kon dit nie aanvaar dat Jesus weer van die dood sou opstaan nie.) Dus, het hulle geveg vir die boonste posisie in die groep, in hulle oë kon net een van hulle die hoofleier wees van die groep.

The situasie het meer intens geword want twee dissipels het hulle ma aangemoedig om met Jesus te praat, die moeder van die seuns Sebedeüs. Toe die ander dissipels daarvan hoor was hulle rasend met die twee broers. In 'n oomblik van briljantheid tree Jesus in die situasie in, en verander die hele konsep van leierskap.

Leierskap is nie oor baasskap nie. Dit is nie dat mense jou moet bedien nie, maar dit is dat ons ander moet bedien. Jesus Christus se woorde is profeties. Hy het nie net die gemeenskappe van Israel bedien in die 3 jaar van sy bediening nie, maar Hy het hulle die uiteindelike offer van leierskap gewys. Hy het Sy lewe aan die kruis vir ons almal aangebied.

In die seisoen van Lydenstyd is dit nie soseer om te vas van die eet van sjokolade, vleis ens. nie. Dit gaan oor ons lus na die dinge van die wêreld en dit veroorsaak 'n versperring tussen God en ons. Dit is belangrik in die seisoen van lydenstyd om ons tekortkominge te begryp en om van hulle te bekeer voor God. Lydenstyd is nie daar om ons te laat skuldig voel nie, maar dit leer ons dat ons heeltemal van God afhanklik is. Dit is net God wat ons sondes kan vergewe, en dit is net God wat ons swakhede in sy sterk punte kan verander.

In die middel van jou uitdagings hierdie week, draai na God die Vader deur Jesus Christus, ons Heer en Verlosser. Bekeer jou van die sondes want in jou lewe is, en vertrou dat God jou swakhede in sy sterk punte sal verander.